Stella straat

Romeine 1-11

"Goeie keuses"



Tuis-Adoramus 23 Augustus 2020

– geskryf deur Willem Nicol

Tema: "Goeie keuses"

Teks: Romeine 1-11

Liewe Adoramusvriende,

Ons nooi jou om tyd opsy te sit om hierdie tuis-adoramus alleen of saam met ander te doen. Berei net eers voor om die musiek wat hier voorgestel word, te kan luister wanneer jy daar kom.

Groete,

Willem, Anton, Tienie en Fay

SKEP ATMOSFEER

Steek 'n kers aan of doen iets dergeliks om 'n atmosfeer van gebed en stilte te hê terwyl jy hierdie stiltetyd hou.

TEMA

Ons lees die eerste twee verse van die deel van Romeine wat oor die praktiese lewe handel. Heel verstaanbaar begin Paulus by die vraag: Wat is nodig sodat ons van dag tot dag goeie keuses kan maak?

ONS LUISTER

Om ons in te stel, luister ons na: *"Lead kindly light"*.

https://www.youtube.com/watch?v=ZYbs0Vi1W_Y

GEBED

O Gees van Vader en van Seun, ons leier, ons moet elkeen elke dag baie kein en groot keuses maak en besluite neem. Ons erken dat ons geneig is om klein te dink wanneer ons moet kies, hoofsaaklik beperk deur eiebelang. Maar ons is bereid dat U vandag met ons praat oor die groter prent van ons lewe, ons jare en ons dae, oor wat U met ons en deur ons wil doen. Ons neem die moed om van U te vra: Gee ons 'n hart wat so sterk aan U toegewy is dat ons bereid is om omvorm te word.

INLEIDING

- God se liefde vir ons het in die besonder die kwaliteit van barmhartigheid, ontferming, *"compassion"*. Romeine 1-11 spel dit uit in alle tale.
- Nou begin Paulus sy praktiese deel van die brief deur te benadruk: Omdat God so goed is vir julle, roep ek julle op om goed te lewe. Wat is daarvoor nodig? Jy moet eerstens kan uitmaak, "onderskei" wat God se wil is. En wat is dáárvoor nodig? Dit is wat ons gaan lees.
- Paulus skryf oor my "liggaam" wat ek vir God moet aanbied. Daarmee bedoel hy die hele ek.
- Paulus praat van die vernuwing van ons "denke". Hy bedoel nie net koue, intellektuele denke oor 'n keuse nie, maar al die vermoëns in jou binnewêreld wat jou kan help om goeie keuses te maak, jou kop, hart en *"gut"*, dit wil sê jou denke, gevoelens en intuïsie.

Romeine 12:1-2

Op grond van die barmhartigheid van God roep ek julle dus nou op om julle liggame as 'n lewende, heilige en aanneemlike offer vir God aan te bied. Dit is sinvolle godsdiens. Julle moet nie aan hierdie wêreld gelykvormig wees nie, maar verander word deur die vernuwing van julle denke, sodat julle goed kan onderskei wat die wil van God is – wat goed en aanneemlik en volmaak is.

EIE MEDITASIE

Is hier 'n woord of woorde wat in die besonder met my praat? Ek talm by hulle tot hulle my alles gesê het wat hulle wil, tot die Here deur hulle gedoen het wat Hy wil.

VERDERE NADENKE

Die ou tradisie in die kerk is dat die Heilige Gees al ons vermoëns wil gebruik om ons tot goeie besluite te lei: denke, gevoelens en intuïtiewe aanvoelings. Dikwels stem hulle onmiddellik saam en neem 'n mens jou besluit oombliklik, outomaties. Jy dink nie eers godsdienstig daaroor nie. Dan is dit natuurlik bepalend of jou binnewêreld goed ingestel is. Die ou tradisie praat van jou *"fundamental option"*. Is dit jou lewenskeuse dat dit nie vir jou bloot oor jou persoonlike belang gaan nie, maar oor God se wil?

WOORDKUNS

Gebed van Thomas Merton (wêreldbekende mistieke skrywer en spreker):

"I don't desire *anything* in this world, not writing, not teaching, not any kind of consolation or outward activity. I simply long with my whole existence to be completely consecrated to God in every gesture, in every breath, and every movement of my body and mind, to the exclusion of absolutely everything except Him."

GEBED

Here Jesus, hiermee verklaar ek dat dit my wil is dat ek deur U gelei word, en nie bloot deur my eie behoeftes nie.

Ek wil my ook nie laat lei deur die wêreld, deur wat die mense rondom my goed of sleg, mooi of lelik vind nie.

Ek erken dat my eie belange en die wêreld steeds 'n belangrike rol in my keuses speel.

Daarom vra ek: Werk in my binnewêreld om my te vernuwe tot 'n totale lewensgerigtheid op U en u wil.

"I abandon myself into your hands", ek gee myself prys in u hande.

SEËNBEDE

Neem my lewe, laat dit Heer,

U gewy wees meer en meer.

Amen.

MET DIE UITSTAP

As jy wil, kan jy na 'n moderner weergawe van "neem my lewe" luister:

https://www.youtube.com/watch?v=tKf6gTh1GsA